Weens hierdie ontwikkelings toon die jongste beskikbare amptelike gegewens i.v.m. die netto geografiese inkome, wat egter slegs op die twaalf maande tydperk eindigende 30 Junie 1958 betrekking het, 'n afname van £29 miljoen en £5 miljoen, onderskeidelik, in die netto inkome van landbou en mynwese (uitgesonderd goud). Dit is 'n moeiliker taak om die uitwerking van die laer uitvoerinkome op die netto inkome van die sekondêre industrieë te bepaal, aangesien slegs 'n gedeelte van hul jaarlikse produksie uitgevoer word; die grootste gedeelte word nl. in die binneland verkoop. Uit 'n ondersoek van amptelike uitvoerstatistiek t.a.v. Suid-Afrikaanse produkte, blyk dit dat die tekstiel en klerasie-, metaalprodukte, masjinerie en voertuie, en die leer- en skoeiselindustrie die swaarste getref is. 'n Poging sal egter later in hierdie afdeling aangewend word om 'n aanduiding te gee van die totale uitwerking van die laer uitvoerinkome op die Unie se volksinkome.

Nieteenstaande dje terugslae wat in sekere sektore ondervind is, toon die berekenings van die Buro vir Sensus en Statistiek<sup>2</sup> 'n totale stygging van £57 miljoen, of 3 persent, in die netto geografiese inkome, gewaardeer teen heersende pryse, gedurende 1957/58. Aangesien die amptelike inkometotal, nl. £1,988 miljoen, op die jaar geëindig 30 Junie 1958 betrekking het, vereis die berekening van die geografiese inkomesyfer vir die kalenderjaar 1958 'n onafhanklike raming.

Vir sover afleidings op grond van die beskikbare inligtingsbronne t.a.v. produksieneigings gedurende die eerste en tweede helfte van 1958 gemaak kan word, wil dit voorkom asof, afgesien van die laer inkomepeil in daardie afdelings van die volkshuishouding wat op uitvoer aangewys is, die meeste industrie nog 'n hoër geldinkomepeil gedurende die eerste helfte van die jaar ondervind het. Daarna, met sekere belangrike uitsonderings, soos die goudmyne, het die geldinkome geneig om meer gelykmatig te verloop in die geval van fabriekswese, konstruksie en die handel. Dit moet egter beklem-toon word dat daar geen uniforme inkomepatroon in die fabriekswese bestaan het nie, aangesien sommige industrieë, bv. tekstiel-, leer- en rubbergoedere, 'n afname in die binnelandse en buitelandse vraag

1. Dit moet egter gemeld word dat 'n aansienlike gedeelte, nl. £16 miljoen, van verlede jaar se afname in totale uitvoere van koopware te wye was aan laer heruitvoere, d.w.s. goedere waarvan die produksie nie tot die skeping van inkome in die Unie gelei het nie, maar wel in

die lande vanwaar hulle oorspronklik ingevoer is. Nogtans is hierdie afname 'n aanduiding van die laer peil van die vraag in die markte van ons handelsvennote gedurende 1958.

2. Hierna genoem die Buro.

na hul produkte ondervind het, terwyl ander aan gehou het om uit te brei. Nietemin wil dit voor kom asof gedurende 1958, *as geheel beskou*, die produksie van die volkshuishouding, gewaardeer teen heersende prys, 'n sodanige omvang gehad het dat daar ruimte was vir 'n afname of 'n meer gelykmatige verloop van inkome in sommige sektore om meer as vergoed te word deur verdere uitbreidings elders. Gevolglik word voorlopig geraam dat daar 'n verdere toename van ongeveer £37 miljoen in die netto geografiese inkome, gemeet teen heersende prys, plaasgevind het.

Na aanleiding van die afname in uitvoerinkome in 1958, kan 'n poging vervolgens aangewend word om na te gaan watter invloed dit op die totale inkomepeil gehad het. Vir hierdie doel moet die waarde van die invoere afgetrek word van die waarde van die Unie se uitvoere en plaaslike verbruikte goedere en dienste, aangesien die inkome geskep deur die produksie van invoere ontvang word deur produsente in die lande wat die betrokke goedere na die Unie uitvoer.

Die beskikbare statistiek toon aan dat die waarde van ingevoerde goedere wat verbruik word by die produsering van die Unie se uitvoergoedere relatief klein is, aangesien die grootste gedeelte van die uitvoerhandel uit myn- en landbouprodukte bestaan, waarvan die invoerkomponent op drie en ses persent, onderskeidelik, geraam word. Alhoewel hierdie persentasie vir fabrieksgoedere baie hoër is, blyk dit dat vir sigbare uitvoere as geheel geneem die aansuiwing t.o.v. invoere ongeveer ses persent beloop. Daarenteen vereis goedere en dienste wat benodig word vir die bevrediging van binnelandse behoeftes 'n betreklik hoë verhouding van ingevoerde grondstowwe, brandstof en klaarprodukte.

Behalwe vir die aansuiwing soos hierbo uiteengesit, moet voorsiening ook gemaak word vir netto onsigbare invoere, bv. netto beleggingsinkome, netto betalings vir skeepsvrag, versekering, toerisme, ens. Geen poging is egter aangewend om hierdie pos tussen uitvoere en binnelandse besteding te verdeel nie, en gevvolglik word dit hierna onder 'n afsonderlike hoof, nl. „Ander poste", aangetoon.

3. Die moet gemeld word dat die betrokke berekenings nie verwys na die verandering oor die jaar in die inkomebegrip wat tot dusver gebruik is nie, t.w. die netto geografiese inkome, maar na die bruto volksproduksie, gewaardeer teen heersende prys, wat verkry word deur die eersgenoemde totaal aan te swuwer vir indirekte belasting *min* subsidies, waardeverminderingstoelaes en netto betalings aan buitelandse arbeid en kapitaal wat aan ekonomiese bedrywigheid in die Unie deelneem. Dit moet ook vermeld word dat die Buro se geografiese inkomesyfer na die Unie alleen verwys, terwyl die bruto volksproduksie hierbo genoem, betrekking het op die Unie insluitende Suidwes-Afrika en die Protektorate. Om die verloop van die Unie se inkometotal met die van uitvoere te vergelyk, is hierdie groter geografiese dekking van die inkomebegrip nodig aangesien die amptelike buitelandse handelstatistiek na bogenoemde groter gebied

### *Verandering in die bruto volksproduksie<sup>3</sup> toe te skryf aan uitvoere en binnelandse vraag, 1958*

(£ miljoene)			
<i>Uitvoere</i>	<i>Binnelandse benodigd-hede</i>	<i>Ander poste</i>	<i>Verandering in bruto volksproduksie</i>
- 35	+ 104	- 1	+ 68

Die berekenings wat hierbo verskyn, toon die sikliese gevoeligheid van inkome verkry uit uitvoerproduksie in teenstelling met die betreklik meer stabiele groei van die *totale* volksinkome. Dit, op sy beurt, toon die stukrag van die onderliggende groefaktore wat die grootte van die binnelandse vraag na plaaslike vervaardigde goedere bepaal. Nietemin sal 'n verswakkning in die vooruitsigte in die uitvoermarkte 'n neerdrukkende korttermyn invloed op binnelandse besigheidstoestande uitoefen, en sodoende die oorspronklike uitwerking van die verlies van geldinkome wat deur die betrokke uitvoerders ondervind word, verskerp.

### *Die groeikoers van reële inkome*

Al die inkomesyfers wat in die vorige afdeling bespreek is, was teen heersende prys gewaardeer. *Geldinkome*-gegewens kan egter nie gebruik word om *reële* ekonomiese vooruitgang aan te duï nie, veral gedurende die na-oorlogse tydperk toe die Unie se ekonomiese lewe gekenmerk is deur 'n volgehoue toestand van volle besetting en inflasioneerdrift.

Op grond van berekenings gebaseer op maklik bekombare inligting, kan dit geraam word dat die reële geografiese inkome van die Unie<sup>4</sup> gedurende 1957/58 (die jongste jaar waarvoor amptelike syfers beskikbaar is) in werklikheid nog steeds toegeneem het teen 'n koers van ongeveer 3 persent, vergeleke met 'n groeikoers van ongeveer 5 persent in die vorige jaar. Ondanks die afname in die geldinkome van landbou en onedele metale, waarvan melding hierbo gemaak is, het die produksieomvang in eersgenoemde industrie nie baie afgeneem nie, terwyl dit in werklikheid verder toegeneem het in laasgenoemde gevval.

verwys en nie net na die Unie alleen nie.

4. Dit is verkry deur die fisiese omvang van goedere en dienste voortgebring in elkeen van die verskillende industrieë in die volkshuishouding (bv. landbou, mynwese, fabriekswese, ens.) te bereken, en dan hierdie subtotale bymekaar te tel ten einde totale reële produksie te verkry.

'n Ander metode word soms gebruik, nl. die deflating van die totale geografiese inkome deur middel van die kleinhandels- of verbruikersprysindeks, maar hierdie metode is onderhewig aan kritiek aangesien die betrokke indeks slegs op die verbruikspatroon van huishoudings gebaseer is.

Verbruik van huishoudings is slegs een van die bestanddele van die totaal wat gedefleer moet word; die ander bestaan uit overhedsbesteding aan goedere en dienste, kapitaaluitgawe en uitvoere *min* invoere.

Wat die Unie se reële volksinkome<sup>5</sup> betref, is dit moontlik dat die ernstige verslewing in die ruilvoer, d.w.s. die verhouding tussen die pryspeil van uitvoere en invoere, 'n afname in 1957/58 mag veroorsaak het, maar by gebrek aan onlangse prysindekse kan die berekening van die jongste neiging t.o.v. hierdie totaal nie tans onderneem word nie.

#### *Onlangse veranderings in inkomeverdeling*

Volgens die Buro se berekenings het meeste van die toenames van jaar-tot-jaar in die geografiese inkome, teen heersende pryse gewaardeer, gedurende die paar jongste jare salaris- en loontrekkers ten goede gekom. Gedurende 1957/58 byvoorbeeld, het „salarisse en lone” met £60 miljoen toegeneem terwyl „ander inkome”, wat bestaan uit die inkome van persone wat vir eie rekening werk (bv. boere, ander eienaars van besighede en professionele persone), rente en maatskappywinste, na beraming met £3 miljoen *afgeneem* het.

Die verskuiwing in die inkomeverdeling in sekere industrieë word hieronder uiteengesit.

#### *Veranderings in inkomeverdeling, 1957/58*

(£ miljoene)

Industrie	Totale inkome	Salarisse en lone	Ander inkome
Landbou	-29	+ 3	-32
Minerale (goud uitgesonderd)	- 5	+ 1	- 6
Fabriekswese	+28	+22	+ 6
Handel	+ 6	+ 9	- 3
Goudmyne	+15	+ 1	+14

Die gegewens hierbo aangehaal toon dat nieteestaande die daling gedurende verlede jaar in die totale netto inkome van landbou en minerale (goud uitgesonderd) die salaris- en loonverdienste in hierdie industrieë nog steeds toegeneem het.

In die geval van fabriekswese en handel, word die inkorting van die winsmarge, wat deur die syfers in bostaande tabel gesuggereer word, ook aangedui deur gegewens wat onlangs deur die Buro gepubliseer is; hiervolgens het salaris en lone in 'n verteenwoordigende steekproef van handelsfirmas met ongeveer 49 persent gedurende die vyfjaartydperk sedert 1951/52 toegeneem, terwyl die ooreenstemmende syfer vir bedryfswins slegs 16 persent was. Die stygende tendens van geldinkome in fabriekswese kan ook toegelig word deur die toename van 1.4 persent in die aantal werknemers in fabriekswese tussen 1956/57 en 1957/58 te vergelyk met die toename van nie minder as 7.4 persent in die loon- en salaristotaal gedurende die tydperk nie. Tensy produktiwiteit per werker aansienlik toegenem het, toon hierdie syfers dat geldverdienste

teen 'n baie vinniger koers as totale werkgeleenthed toegeneem het.

#### *Die verhouding tussen totale vraag en aanbod*

Gegewens wat die verhouding tussen binnelandse besteding en die lopende transaksies met die res van die wêreld aantoon, word in onderstaande tabel uiteengesit.

#### *Totale vraag en aanbod van goedere en dienste*

(£ miljoene)

	1957	1958	Verandering gedurende 1958
(1) Persoonlike verbruiksbesteding	1,452	1,546	+94
(2) Lopende owerheidsbesteding	255	269	+14
(3) Bruto kapitaalvorming	541	565	+24
(4) Bruto binnelandse besteding	2,248	2,380	+132
(5) Uitvoere :			
Handelsware	446	386	-60
Netto goudproduksie	214	220	+6
(6) Invoere van handelsware	-558	-567	-9
(7) Netto onsigbare invoere	-112	-113	-1
(8) Bruto volksuitgawe	2,238	2,306	+68

Die veranderings onder die verskeie hoofde in bostaande tabel lewer treffende bewys van die afwesigheid van ekonomiese ewewig tussen totale vraag en aanbod van goedere en dienste gedurende 1958. Weens die feitlike afskaffing van invoerbeheer gedurende die laaste helfte van 1957, het die private sektor begeer om voorrade van sekere ingevoerde goedere wat voorheen skaars was, aan te vul. Verder het staatsinvoere ook aansienlik toegeneem. Gevolglik het invoere ongeëwenaarde hoogtes gedurende die eerste helfte van 1958 bereik, maar daarna het interne korrektiewe maatreëls wat in die private sektor toegepas is met die doel om die dalende goud en buitelandse valutareserwes te beskerm, sowel as natuurlike ekonomiese faktore, geneig om binnelandse besteding in te kort, en sodoende die toename in invoere gedurende 1958 as geheel tot ongeveer £9 miljoen beperk. Uitvoere het, soos vroeër vermeld, dwarsdeur die jaar sterk gedaal.

Die moeilikheid wat verlede jaar ondervind is om ewewig te bewaar tussen die begeerte van die binnelandse sektor om te bestee, aan die eenkant, en die aanbod van goedere wat gefinansier kon word sonder om die Unie se goud en buitelandse valutareserwes tot 'n gevaaarlike lae peil af te dwing, aan die ander kant, moet toegeskryf word aan die feit dat veranderings in invoere hoofsaaklik van binnelandse faktore afhang, terwyl uitvoerverdienste en die grootte van die invloei van buitelandse kapi-

5. Hierdie begrip, wat die reële inkome van *Unie-inwoners* meet, word verkry deur die reële geografiese inkome aan te suiwer vir veranderings in (1) die ruilvoer en (2) die

vermoë van die volkshuishouding om die netto betalings aan buitelanders wat deelneem aan die ekonomiese bedrywigheede in die Unie, na te kom.

taal wat benodig word ten einde ewewig in die betalingsbalans te verkry, deur *buitelandse* toestande bepaal word, waaraan die Unie geen beheer het nie. Selfs wanneer die skommelinge in invoere en uitvoere betreklik klein is, kompenseer hul nie noodwendig mekaar oor die korttermyn nie, maar mag hul daarenteen die neiging tot 'n gebrek aan ewewig versterk, soos verlede jaar die geval was.

Kapitaalinvloei, wat in die jongste tyd nie 'n belangrike bron van fondse vir die finansiering van binnelandse besteding was nie, het die uitwerking van verlede jaar se oorbesteding op die Unie se goud en buitelandse valutareserves versag deur nie minder nie as £74 miljoen, die hoogste bedrag sedert 1953, by te dra tot die totale benodigde fondse.

#### *Verbruikersoptrede gedurende 1958*

Die belangrikste gebeurtenisse wat die peil van verlede jaar se verbruiksbesteding, teen heersende pryse gemeet, beïnvloed het, was (1) die opheffing van invoerbeheer op meeste verbruiksgoedere en die verligting van huurkoopbeperkings (althoewel ign. weer gedurende die derde kwartaal van die jaar strenger gemaak is); (2) die volgehoue stygging in salaris en lone; (3) die verdere stygging in die verbruikersprysindeks, en (4) die hoër aksynsbelasting gedurende die tweede helfte van die jaar.

Dit word geraam dat persoonlike verbruiksbesteding met nie minder as £94 miljoen toegeneem het nie, wat dus die toename in die geldinkome van die volkshuishouding as geheel met ongeveer £26 miljoen oortref het. In *reële* terme was die toename in verbruik egter nie so groot nie aangesien dit weens die stygging van 3.5 persent in die pryse van verbruiksgoedere ongeveer £50 miljoen meer sou gekos het om die verbruikspatroon wat in 1957 gegeld het, te handhaaf.

Totale verbruiksbesteding bestaan uit die aankoop van drie hooftipes goedere en dienste, nl. (1) nie-duursame goedere, bv. voedsel, klerasie en skoeisel; (2) duursame goedere, bv. motorkarre en -toebehore, meubels en huishoudelike uitrusting, en (3) dienste. Die vraag na die eerste en derde tipes toon normaalweg nie groot skommelinge nie, aangesien dit afhanklik is van die groeikoers van die huishoudings se inkome. Gedurende 1958 was daar egter wel 'n afname in die vraag na sekere goedere vermeld onder (1), soos byvoorbeeld skoeisel en klerasie.

Verbruiksuitleg wat onder die tweede hoofressorteer, kan egter hewig skommel aangesien aankope van hierdie aard uitgestel kan word weens die duursame aard van die betrokke goedere. Wanneer omstandighede hulself voordoen wat 'n stygging in hierdie tipe uitgawe begunstig, soos verlede jaar die geval was, kan 'n ophoping van die betrokke aankope voorkom, wat op sy beurt weer 'n wesenslike invloed het op die betalingsbalans van 'n land soos die Unie, wat nog 'n groot gedeelte van sy benodigde duursame verbruiksgoedere invoer, of

as afgewerkte produkte of as materiaal bestem vir gebruik in die plaaslike vervaardiging van verbruiksgoedere.

Duursame verbruiksgoedere word hoofsaaklik onder die hoof „metale, metaalprodukte, masjinerie en voertuie“ in die amptelike invoerstatistiek geklassifiseer, maar die sub-klassifikasie is tans nie voldoende om 'n volledige uitkennings van al die betrokke poste moontlik te maak nie. 'n Ondersoek van die beskikbare gegewens toon nogtans 'n abnormale toename van £36 miljoen in hierdie klas ingevoerde goedere gedurende die eerste helfte van 1958, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1957, en dit skyn asof die identifiseerbare duursame verbruiksgoedere in hierdie toename gedeel het.

Statistieke i.v.m. die registrasie van nuwe motorkarre dui ook veranderings aan in die aankoop van duursame verbruiksgoedere in 1958. Nie minder nie as 91,000 nuwe motorkarre is gedurende 1958 geregistreer, vergeleke met 76,000 in 1957. Teen markpryse verteenwoordig dit 'n uitgawe van £65 miljoen in 1957 en £85 miljoen in 1958. Hierdie bedrae bestaan egter nie uitsluitlik uit verbruiksuitleg nie.

Aangesien duursame verbruiksgoedere nie normaalweg vir kontant gekoop word nie, speel die beskikbaarheid van krediet ook 'n belangrike rol in die uitbreiding van lopende verkope. Op grond van die beskikbare gegewens oor die skuldposisie van verbruikers t.o.v. alle verbruiksgoedere, d.w.s. duursame en nie-duursame goedere, wil dit voorkom asof daar 'n sterk opwaartse neiging in die afgelope jare was, en dat die skuldbedrag uitstaande aan die end van verlede jaar in die omtrek van £150 miljoen was.

Die teenhanger van verlede jaar se buitengewone stygging in persoonlike verbruiksbesteding was 'n drastiese afname in persoonlike besparing. Hierdie aspek van verbruiksfinsies word in 'n later afdeling ondersoek.

#### *Openbare en private kapitaalvorming*

Dit word geraam dat bruto kapitaalvorming toegeneem het met £24 miljoen tot £565 miljoen in 1958. Hierdie toename is die netto resultaat van uiteenlopende neigings aan die kant van private en openbare kapitaaluitgawe; eersgenoemde het *afgeneem* met ongeveer £21 miljoen terwyl laasgenoemde sy onlangse opwaartse neiging gehandhaaf het en met nie minder as £37 miljoen gestyg het nie. Openbare korporasies het ook hul kapitaaluitgawe met £8 miljoen verhoog.

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Hawens- en Lugdiensadministrasie was vir die meeste van die hoër openbare kapitaalvorming verantwoordelik. Sy kapitaaluitgawe het met £30 miljoen tot 'n rekordbedrag van £112 miljoen toegeneem, wat gelykstaan aan ongeveer die helfte van die totale openbare kapitaaluitgawe en een-vyfde van die

groottotaal vir die openbare en private sektore in 1958.

Wat die openbare korporasies betref, het Yskor die meeste tot die styging van £8 miljoen bygedra, alhoewel die kapitaalbesteding van Eskom ook verlede jaar toegeneem het.

#### *Die neiging van kapitaalvorming in die private sektor*

1. *Woongeboue:* Volgens raming het daar geen betekenisvolle verandering in die bedrag wat aan woongeboue bestee is, plaasgevind nie.

2. *Landbou:* Bruto kapitaalvorming van landbou<sup>6</sup> is teen die hoë peil van die afgelope jare gehandhaaf nienteenstaande verlede jaar se terugslag in landbouinkomes. In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat die betrokke reeks na *bruto* en nie na *netto* kapitaalvorming verwys nie. Weens die na-oorlogse meganisasie van landboubedrywighede, het die jaarlikse waardeverminderingstoelaes vir masjinerie en voertuie baie aansienlik geword en is die netto toevoeging tot die waarde van landbou-toerusting nie so groot as wat deur die grootte van die bruto syfers gesuggereer mag word nie. Gedurende 1958, bv., word waardeverminderingstoelaes op ongeveer £32 miljoen, uit 'n bruto totaal van £61 miljoen, geraam.

3. *Mynwese:* Verlede jaar se belegging in die mynwese was waarskynlik effens hoër as die 1957-syfer. Melding kan egter gemaak word van die verskuiwing sedert 1956 in die aandeel in totale vaste kapitaalvorming van uitgawe op skagte en ander konstruksiewerke, aan die eenkant, en masjinerie en uitrusting aan die anderkant. Dit mag 'n aanduiding wees van die feit dat, nienteenstaande die onlangse afname in die aantal ontwikkelende myne,<sup>7</sup> sommige van die na-oorlogse myne nuwe skagte sink en bykomstige werke byvoeg wat in die toekoms die installering van bykomende meganiese uitrusting sal vereis. 'n Ander aspek is dat die uraanprogram nou amper voltooi is en dus tot 'n verlaging van die aandeel van masjinerie en uitrusting in die totale kapitaalbehoeftes van die industrie gelei het.

4. *Fabriekswese:* Die onlangse neiging t.a.v. belegging in die fabriekswese is van besondere belang aangesien hierdie industrie die grootste bron van binnelandse inkome is en ook 'n groot aantal werknekmers in diens het. Die jongste beskikbare amptelike inligting i.v.m. kapitaaluitgawe in hierdie industrie is verstrekkend in die opgawes van die 1955/56 *Sensus van Nywerheidsinrigtings*.<sup>8</sup> Gevolglik moet die neiging vanaf daardie jaar geskat word op grond

van die veranderings in die netto bates van 'n verteenwoordigende steekproef van fabrieksfirmas.

Dit wil voorkom asof bruto kapitaalvorming sedert 1955 steeds toegeneem het. Die toename in 1958 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die kapitaalprojekte van groot ondernemings in die voedselverwerking-, chemiese-, petrol-, metaalprodukte- en masjinerievertakkings van fabriekswese. Dit moet in gedagte gehou word dat, algemeen gesproke, die kapitaalprogramme van groot firmas wie se kredietwaardigheid en langtermynvooruitsigte onbesproke is, minder gevoelig is vir korttermynskommelings in winste as wat die geval met kleiner ondernemings is wat nie dieselfde toegang het nie tot fondse wat beskikbaar is vir doeleinades van langtermynuitbreidings. Verder is baie van die grootste ondernemings in staat om in hul kapitaalbehoeftes deur middel van buitelandse fondse te voorsien, veral dié ondernemings wat buitelandse affiliasies besit.

Vanweë die Unie se vinnige industrialisasie sedert die oorlog, is dit gepas om die betreklike aandele van verskillende soort nywerhede in die totale vervaardigingskapasiteit van die ekonomiese stelsel na te gaan. In 1955/56 was die voedselverwerkingsnywerheid, met 'n aandeel van 15 persent, die grootste individuele belegger vir sover dit vaste kapitaal in die fabriekswese betrek. Die aandeel van ander vervaardigers van verbruiksgoedere, nl. drank, tabak, tekstiel, skoeisel, meubels, drukkery, leer en juweliersware, het 31 persent beloop, terwyl dié van nywerhede wat onder die „gemengde“ groep<sup>9</sup> ressorteer, d.w.s. waar die produksie óf vir verbruiks- óf produksiedoeleinades bestem is, 12 persent bedra het. Met 'n aandeel van 42 persent, het die produksiegoederenywerhede, d.w.s. chemikalië, nie-metaalhoudende produkte, basiese metale en metaalprodukte, en masjinerie, oor meer as tweevyfdes van die totale bates in die fabriekswese beskik.

Gesien die kapitaalintensieve aard van die produksiegoederenywerhede, is dit begryplik dat die aanwending van fisiese kapitaal by hulle belangrik is, maar dit is interessant om daarop te let dat die minder kapitaalintensieve verbruiksgoederenywerhede 'n relatief belangricker rol speel op gebied van indiensneming en salaris en lone uitbetaal in die fabriekswese. So, byvoorbeeld, is die klerasie- en skoeiselnywerheid die tweede grootste indiensnemer van arbeid, ten spyte van die feit dat daar relatief min vaste kapitaal in hierdie nywerheid belê is.

Die voedselverwerkingsnywerheid geniet die onderskeiding dat dit nie slegs die grootste aandeel in

6. Hierdie reeks word deur die Afdeling Ekonomiese en Markte van die Departement van Landbou bereken.
7. Een van die on-wikkellende myne, nl. Western Deep Levels, het gedurende 1958 nie minder as £5 miljoen aan skagte en bouwerk bestee nie.
8. Die voorlopige resultate van hierdie *Sensus* is goedgunstiglik deur die Buro vir die doel van hierdie ramings

beskikbaar gestel. Dit is nodig om daarop te wys dat die gegewens vir vroeëre jare op grond van die resultate van hierdie *Sensus* hersien is.

9. Hieronder val nywerhede wat rubber verwerk, asook dié wat petrol en aanverwante produkte en vervoeruitrusting vervaardig.

die Unie se fabriekskapasiteit het nie, maar ook die meeste mense in diens en die grootste salaris-en loontotaal in die fabriekswese het.

5. *Handel:* Die belangrikste ontwikkeling onder die opskrif „Handel, Private Vervoer en Ander“ in tabel XXXIV is die afname in voorrade. Dit hang saam met die daling in invoere gedurende die tweede helfte van 1958, en ook die uitwerking wat die knap geldelike toestand sowel as die afname van verkoop gedurende die tweede helfte van die jaar, op besigheidsvoorraad gehad het. Dit word bereken dat sowel groot- as kleinhandelsvoorraad gedurende die jaar gedaal het, terwyl dié van garages, aan die anderkant, 'n aansienlike stygging vergeleke met die vorige jaar getoon het. Landbouvoorraad gehou deur die agents van die belangrikste Bemarkingsrade het skerp gedaal, nl. met ongeveer £10 miljoen, maar dit is gedeeltelik geneutraliseer deur die Wolraad se belegging in wolvoorraad.

#### Binnelandse besparing<sup>10</sup>

Die onderstaande tabel illustreer die verloop van die onderafdelings van binnelandse besparing gedurende 1958.

#### Samestelling van binnelandse besparing

	Verandering gedurende		
	1957	1958	1958
(1) Persoonlike besparing	190	139	-51
(2) Maatskappybesparing	80	74	-6
Min Voorraadwaardering-aansuiwing	9	-2	+11
(3) Lopende surplus van openbare owerhede	73	63	-10
(4) Waardeverminderingstoelaes	197	213	+16
(5) Bruto Binnelandse besparing	531	491	-40

Soos in 'n vorige afdeling vermeld, het persoonlike besparing, wat uit die besparings van huishoudings, boere, professionele persone en nie-geïnkorporeerde sake-ondernehemings bestaan, 'n sterk daling gedurende die jaar getoon. Die lopende besparing van hierdie sektor bestaan nie slegs uit toevoegings tot finansiële en fisiese bates nie; toe- en afnames in uitstaande skuld moet ook in aanmerking geneem word.

'n Betreklike groot deel van persoonlike besparing word vir spesifieke doeleindes of gebeurlikhede, soos pensioenbydraes, lewensversekeringspremies en verbandterugbetaalings, bv. aan bougenootskappe, opsygesit. Hierdie sogenaamde „kontraktuele besparings“ vertoon nie groot skommelings nie, maar groei geleidelik van jaar tot jaar. Die toestand is egter heeltemal anders in die geval van besparing in die vorm van die aankoop van finansiële bates wat of 'n likwiede vorm soos deposito's, of 'n minder likwiede maar nogtans verhandelbare vorm soos

vaste rentedraende effekte, voorkeur- en gewone aandele, kan aanneem.

Aangesien finansiële bates, wat deur persone gehou word, reageer op veranderings in die algemene neiging om meer te verbruik en minder te spaar, is dit meer geneig om skommelings te vertoon. Die beskikbare gegewens toon dat toevoegings tot die persoonlike sektor se finansiële bates by bouverenings, handelsbanke en die Posspaarbank op 'n laer peil in 1958, as in die vorige jaar was. In die geval van handelsbanke was daar 'n absolute afname in deposito's deur die publiek gehou.

Daar is alreeds melding gemaak van die toename in verbruikerskuld. 'n Soortgelyke neiging kan waargeneem word in die geval van lenings en voor-skotte deur handelsbanke aan nie-geïnkorporeerde besighede, individue en boere. Hierdie toenames in die laste van die persoonlike sektor moet afgentrek word van sy positiewe besparings in die vorm van finansiële en ander beleggings.

Wat maatskappybesparing betref, toon die nie-uitgekeerde winste van mynmaatskappye 'n geringe afname as gevolg van laer winste uit diamante; dié van finansiële maatskappye het dieselfde gebly terwyl 'n afname te bespeur is in die winste van fabriekswese (d.w.s. voordat die wins vir die herwaardering van voorrade aangesuiwer is).

#### Opsomming

Die vernaamste punte wat die voorafgaande oorsig van die neigings in die verskillende volksinkome-groothede gedurende 1958 na vore bring, is as volg:

1. Die peil van geldelike inkome was in 1958 hoër as in die vorige jaar, maar daar was 'n duidelike afname in die groeikoers veral gedurende die tweede helfte van die jaar toe 'n meer gelykmatige verloop sigbaar geword het.

2. Uitvoer verdienste se laer peil het 'n deflasiestiese uitwerking op die binnelandse geldelike inkome gehad, nie slegs in die grondstof-produserende sektor van die volkshuishouding nie, maar ook in die sekondêre en tersiêre nywerhede.

3. Neteenstaande hierdie deflasiestiese invloed op die binnelandse geldinkome het verbruikersuitgawe gedurende die eerste helfte van die jaar aansienlik gestyg, veral as gevolg van die opheffing van invoerbeheer; 'n groot gedeelte van die toename skyn die gevolg te gewees het van groter aankope van duursame verbruiksgoedere, veral motorvoertuie.

4. Persoonlike besparing het 'n drastiese afname getoon. In 'n belangrike mate is dit 'n gevolg van 'n toename in die peil van uitstaande verbruiker-skuld.

5. Die bruto kapitaalvorming van openbare owerhede, en dié van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Hawens- en Lugdiensadministrasie in besonder, het

10. Met inbegrip van die nie-verdeelde winste van buitenlandse firmas wat in die Unie sake doen.

aansienlik toegeneem, en sodoende vergoed vir die afname in die private sektor se kapitaaluitgawes. Laasgenoemde afname was uitsluitlik die gevolg van 'n daling in die toevoeging tot voorrade gehou deur hierdie sektor.

6. 'n Vergelyking van die bruto kapitaalvorming en binnelandse besparing dui aan dat terwyl eersgenoemde na skatting met ongeveer £24 miljoen toegeneem het, laasgenoemde met omrent £40 miljoen afgeneem het. Hierdie tekort van £64 miljoen is gefinansier deur buitelandse kapitaaltoevloeи.

7. Gedurende 1958 het kapitaaltoevloeи<sup>11</sup> £78 miljoen bedra, in teenstelling met 'n *uitvloeи* van £20 miljoen in 1957, d.w.s. 'n netto verandering van nie minder as £98 miljoen gedurende die betrokke

periode nie. Laasgenoemde syfer omvat (1) die bogenoemde bydrae van £64 miljoen tot die finansiering van die bruto binnelandse kapitaalvorming, en (2) die netto verandering van £34 miljoen in die peil van die Unie se goud- en buitelandse valutareserwes, d.w.s. 'n styging van £4 miljoen in 1958 in teenstelling met 'n *afname* van £30 miljoen in 1957.

Gedurende 1958 het kapitaaltoevloeи dus as 'n belangrike korttermyn stabiliseerder opgetree deurdat dit verhoed het dat die tempo van binnelandse ekonomiese ontwikkeling en kapitaalbesteding aansienlik afneem as gevolg van die laer peil van binnelandse besparing.

D. G. Franzsen.

---

11 Met inbegrip van weglatings en foute.